HOëVELD BONSMARAKLUB

Posbus / P O Box 34098
GLENSTANTIA 0010
Sel / Cell: 082 772 7373
E-Pos /e-mail: admin@bonsmarahoeveldklub.co.za
Web: www.bonsmarahoeveldklub.co.za

01 Junie 2023

Geagte teler

Die winter is behoorlik met ons. Lesotho se berge lê spierwit en die koue winde sny deur die Oos Vrystaat. Gelukkig boer ons seker met die mees aanpasbare beesras wat die koue kan hanteer.

Ons sien ‘n verdere afname in die speenkalf prys. Mense is maar skrikkerig om ‘n voorspelling te maak oor die korttermyn prys. Hopelik is ons nou by die laagte punt. Die uitwerking van beurtkrag sal seker nog lank gevoel word. ‘n Afname in verbuikers se besteebare inkomste (hoër rentekoerse asook die wisselkoers) plaas verdere druk op die vleisprys.

Op ’n onlangse Bonsmara veiling het die bulprys wel verbeter en ons hoop rêrig dat die tendens sal volhou. Veral in die lig van die opkomende veilings in ons klub.

- Op 02 Junie 2023 vind **Sernick** se 45ste produksie veiling plaas. Baie sterkte Oom Nick, Pieter en span. Jaar na jaar bied julle puik diere aan. Ons glo dit sal goed gaan more.
- Hennie Naude (Henfra Bonsmaras) hou op 15 Junie 2023 veiling in Heilbron saam met die **Riemland Bonsmara** telers. Baie sterkte Hennie.
- Ook op 15 Junie 2023 hou **Bonrino** hul 20ste produksie veiling in Dewetsdorp. Hendrik, mag julle geseend wees met ‘n goeie veiling.
- **Leeuwbult Bonsmaras** van Izak Cronje hou op die 22ste hul produksie veiling in Theunissen. Baie sterkte Izak.
- Die laaste veiling vir Junie is op die 28ste by **Boshoff Bonsmaras** in Leandra. Oom Jan, Chris en Barry, baie sterkte met jul veiling.
- Ek wil ‘n algeneme punt maak oor die goeie kondisie, gesondheid en teel materiaal wat ons telers in die mark sit. Dis met trots dat ek kan sê julle is telers in ons klub.

Die toer na die Oos Kaap gaan volgende week voort. Die bywoning is maar bietjie telleurstellend, maar daar is verskeie redes. Met dit gesê, die volgende toer sal weer na die Oos Kaap wees, met ‘n beplande datum van April 2024. Ek doen ‘n beroep dat as julle die toer wil bywoon, julle solank April vir ons oophou.

Lekker boer

Jacques Pienaar
Voorsitter